# Fokus

*Fokus* is ’n rubriek waarin artikels van ’n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer word. Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet voldoen aan dieselfde tegniese vereistes as navorsingsartikels (kyk asseblief die *Voorskrifte vir skrywers*). Bydraes vir *Fokus* word aan ’n interne keuringsproses onderwerp en kwalifiseer nie vir subsidie nie.

## Inhoudsopgawe

*H.A. Louw*

Die lied in die erediens. Die rol wat dit gespeel het in die Afskeiding in 1859 in Suid-Afrika ........................................................................ 587

FOKUS

# Die lied in die erediens

## Die rol wat dit gespeel het in die Afskeiding in 1859 in Suid-Afrika

H.A. Louw
RUSTENBURG

**Abstract**

**The role of hymns in public worship and the influence it had on the Schism in 1859 in South Africa**

*During the Middle Ages congregational singing was replaced by choir singing. Both Luther and Calvin agreed that the members of the congregation should actively participate in the worship service by means of song. Calvin limited congregational songs to the Psalms of the Old Testament. The church in Netherlands followed his example, but added some hymns, excluding the Apostles Creed, that comprises also lyrical parts from Scripture.*

*In 1807 a hymn book was implemented and used in the Netherlands. This was one of the reasons for the Schism which took place in 1834. During 1814 the hymn book was implemented in the Cape resulting in discontent in the border districts. Some discontented people took part in the Great Trek. A congregation mainly consisting of these people was established in Rustenburg in 1859. In this congregation only Psalms were sung during services. Soon Reformed congregations having the same objections regarding hymns came into being in the Free State and the north-eastern Cape Province. For the founder of these congregations, Rev. D. Postma, the singing of free hymns was a mediance matter. For the "Doppers" as the conservative people were called, the singing of Psalms only was a serious matter of principle. Times have changed and the Reformed Churches in South Africa will have to reflect whether it is really a matter of principle to sing Old Testament Psalms only. The suffering, death, resurrection and ascension of Christ should also be celebrated in song. The existing 48 scriptural lyrics do not satisfy these requirements. Free hymns of the other Afrikaans churches will definitely have to be taken into consideration.*

## 1. Calvyn se opvatting oor die lied in die erediens

Die kerkhervorming in Nederland het plaasgevind onder invloed van Johannes Calvyn se Akademie in Genève Switserland. Eers was die hervorming net beperk tot die suidelike Nederlande (die teenswoordige België). Dit het nie lank geneem nie of die Reformasie het in die geheel van die Nederlande getriomfeer (Du Toit, 1945:79).

Toe die Reformatore Luther en Calvyn weggebreek het van die Rooms-Katolieke Kerk, het hulle te staan gekom voor die vraag hoe die liturgie ingerig moes word en veral wat in die eredienste gesing moes word. Gedurende die Middeleeue het gemeentesang verdwyn, maar die priesters en kore het die liturgie by die mis in aangrypende liedere deurgesing (Spoelstra, 1989:372). Die Reformatore het daaroor saamgestem dat in die erediens gesing moet word (Bouwman, 1934:495). Calvyn was die enigste kerkhervormer wat nie vroeër ’n priester was nie, maar ’n regsgeleerde. Miskien daarom dat sy reformasie meer ingrypend was as dié van Luther, wat van al die Hervormers die digste by Rome bly staan het. Hy breek met alles wat vir hom as Rooms voorgekom het (Du Toit, 1945:65). Dit geld ook die kerklied.

Tydens Calvyn se verblyf in Straatsburg het hy die liturgiese beginsels deurdink en ook toegepas in die Franse vlugtelinggemeente aldaar. Hy maak ook hier kennis met die tipe gemeentesang waarvan hy net gelees het en wat vir hom in ooreenstemming met die Bybel was. Dit maak ’n geweldige indruk op hom (Barnard, 1981:315-316). Waar Luther himnes toegelaat het, het Calvyn Skrifgebonde psalmgesang beklemtoon (Spoelstra, 1989:372). In hierdie keuse het Calvyn hom laat lei deur Augustinus wat gesê het dat niemand iets kan sing wat God waardig is nie, of hy moet dit van God ontvang (Jooste, 1958:19). Calvyn het kerksang gereformeer en voer daarvoor ’n bundel psalms van Clement Marot en Beza in. Die melodieë hiervoor is getoonset deur Louis Bourgeois en Pierre Maître. Die melodieë is vir enkele persone geleer om die gemeentesang te lei en die kinders is in die skole geoefen in die sing daarvan (Jansen, 1952:292). Die voorbeeld van Calvyn is oral in die gereformeerde Kerke nagevolg.

## 2. Die kerklied in Nederland in die sestiende eeu

Een van die belangrikste figure uit die Nederlandse kerkgeskiedenis van die sestiende eeu was Petrus Datheen. Hy was ’n stoere Calvinis en vurige prediker (Du Toit, 1945:80). Sy beryming van die psalms het in 1566 verskyn en spoedig oral ingang gevind. Hierdie beryming was eintlik vrye bewerkings van die Franse beryming van Beza en Clement Marot en het mank gegaan aan vele gebreke, maar het tog tot die gemoed van die gereformeerde volk gespreek. Die sinode van Dordrecht 1618-1619 het die beryming van Datheen sonder

teenkanting laat deurgaan (Jansen, 1952:293). Die kerk in Nederland erf sy liturgie van Datheen (Barnard, 1981:365).

Van die begin af is naas die psalms ook enkele gesange gesing. Datheen het hierdie gesange by sy psalmberyming van 1566 toegevoeg, naamlik Die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels, die drie lofsange van Maria, Sagaria en Simeon en die gebed "O God, die Onze Vader zijt". Die Gereformeerde Kerke was huiwerig om meer daaraan toe te voeg (Jansen, 1952:294). Die Sinode van Dordrecht (1578) het reeds besluit dat alleen die psalms gesing mag word, en geen gesange wat nie in die Heilige Skrif voorkom nie. Vrye gesange is dus in die erediens belet (Jansen, 1952:296). Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) keur slegs ses gesange goed, wat die Twaalf Artikels ingesluit het. Al kom die Twaalf Artikels nie woordeliks in die Skrif voor nie, is dit tog hoofsaaklik uit die Skrif geput (Jansen, 1952:296).

Met hierdie tradisie het Jan van Riebeeck in 1652 na die Kaap gekom. Net die 150 psalms en die "Enige Gesange" is by die erediens gebruik (art. 69 K.O.) en wel in die beryming van Datheen (Du Toit, 1945:113). Gedurende die 18de eeu ontwikkel die verstandsgodsdiens in Europa. Hiervolgens kan net die mens met sy rede oor geloofsake beslis. Daar kom ontevredenheid oor die belydenisskrifte en die psalms van Datheen. In 1773 is 'n kommissie deur die State van Holland aangewys om 'n nuwe psalmbundel saam te stel. Hulle versamel 'n bundel uit drie beryminge, te wete dié van Hendrik Ghijsen, 'n silwersmid van Amsterdam, en uit die genootskap Laus Deo Salus Populo, wat meestel deur Doopsgesindes en Remonstrante berym is en uit dié van Johannes Eusebius Voet, geneesheer te =s Gravenhage. Hierdie bundel is op 1 Januarie 1775 op las van die Algemene State ingevoer (Jansen, 1952:294). Die bundel kom ook in algemene gebruik aan die Kaap en is in Suid-Afrika gesing tot met die koms van die Afrikaanse Psalmboek (Du Toit, 1945:113).

Van die begin af is enkele vrye liedere gesing, naamlik "O God, die Ons Vader zijt" en sedert 1722 ook die "Morgenzang" en die "Avondzang" (Jansen, 1952:296). In die Afrikaanse Psalmboek is dit bygevoeg as Skrifberyming 49 en 50, maar slegs vir huisgebruik.

## 3. Die invoer van die Evangeliese Gesange in Nederland

Die Franse Rewolusie van 1789 was die oorsaak dat 'n nuwe gees in Europa vaardig geword het. Hierdie gees, die liberalisme, wou niks weet van iets soos die gesag van die Bybel, die kerk of die belydenis nie (Spoelstra, 1960:75). Die kerk is bloot as 'n godsdienstige genootskap gesien, met ander woorde 'n vereniging waarby 'n mens uit vrye wil aansluit (Spoelstra, 1960:76). Die psalms alleen is nie genoeg nie. Gevolglik het 'n aantal partikuliere sinodes in Nederland in 1807 onderling ooreengekom om 'n bundel Evangeliese Gesange of "vrye liedere" in gebruik te neem (Spoelstra, 1989:373). Dit geskied sonder

die opdrag van 'n algemene sinode, wat na 1618-1619 nie weer gehou is nie (Du Plessis, 1925:24). Daar is gelas dat die kerke elke Sondag minstens een maal uit die Evangeliese Gesange moes sing (Jansen, 1952:296)

Daar het spoedig beswaar hierteen ingekom. Hierdie verset het deurgewerk en ook aanleiding gegee tot die Afskeiding van 1834 in Nederland. Slegs ds. De Cock van Ulrum was prinsipieel daarteen gekant. Die ander leiers van die Afskeiding, soos Brummelkamp, Van Velzen, Scholte, Van Raalte en andere het slegs besware teen die inhoud van sommige liedere gehad omdat dit na hulle sin nie heeltemal Bybels was nie (Jansen, 1952:296).

## 4. Die invoer van die Gesange aan die Kaap

In 1812 het stemme opgegaan om die Evangeliese Gesange ook in die Kaapse gemeentes in te voer. Aangesien die kerk onderworpe was aan die staat, volgens die kerkordinansie van De Mist in 1804, is die toestemming van die goewerneur verkry om die gesange te gebruik in die erediens. Dis in 1814 in Kaapstad en in Stellenbosch in gebruik geneem. Die ander gemeentes het hulle hierin nagevolg en weldra is die gesange sonder ernstige beroering in die meeste gemeentes gesing (Jooste, 1958:20). Tog was daar predikante in die Kaapkolonie wat gesê het dat hulle met "vele dier gezangen niet vereenigd waren" (Du Plessis, 1925:24). In die afgeleë dele van die Kaapkolonie, soos Cradock, Colesberg en Burgersdorp asook in die Vrystaat was daar groot onenigheid oor die gesange.

## 5. Die Skotse predikante

Wat baie tot hierdie onenigheid bygedra het, was dat die predikante in die grensdistrikte almal Skotte was. Die Kolonie het vinnig uitgebrei en die bedieningsnood was groot. Dit het moeilik gegaan om predikante uit Nederland te kry ondanks die ywer van die goewerneurs om leraars vir die Hollandssprekende bevolking in 'n Britse kolonie in die vakante gemeentes te plaas (Du Toit, 1945:118). Omdat die Reformasie in Nederland en Skotland onder die invloed van Calvyn plaasgevind het, was daar groot ooreenkomste in die kerke van die twee lande. Die Britse owerheid begin dus op hierdie stadium om 'n paar sendelinge van die Londense Sendinggenootskap te versoek om predikant te word. Eerw. J.J. Kicherer is reeds in 1806 in Graaff Reinet bevestig. Di. J. Evans en J. Taylor word in Beaufort-Wes en Cradock, en ds. Thom, 'n sendeling, te Tulbagh geplaas. Dit het in die kraam van die goewerneurs gepas, want hulle wou graag die Hollandse bevolking verengels. Dit word nou beleid van die Minister van Kolonies om Skotse proponente te werf, en nadat hulle 'n halfjaar in Nederland gewoon het, na Suid-Afrika te kom. 'n Stuk of elf Skotse leraars kom dan, en so is die kerk al meer van die moederland vervreem (Lion Cachet, 1909:8-9). Die Skotte was nie net vreemdelinge in 'n vreemde land nie, maar ook gesalarieerde amptenare van die staat. Dis verstaanbaar dat hulle die siel van die Afrikaner nie verstaan het nie (Spoelstra, 1963:101).

Teen die begin van die negentiende eeu was daar twee strominge in die Skotse kerk, naamlik die sogenaamde “evangelicals” en die “moderates”. Onder leiding van eersgenoemdes het daar ’n nuwe geestelike ontwaking in Skotland gekom. Dié wat na Suid-Afrika gekom het, was juis uit hulle geledere (Jooste, 1958:22-23). Vanweë ’n sterk Metodistiese inslag by hulle, het hulle nie veel begrip gehad vir die gereformeerde leer soos dit deur die Sinode van Dordrecht in 1618-1619 vasgestel is nie. Die Afrikaners in die grensdistrikte het nog hieraan vasgehou en was op hoogte met die Dordtse Kerkorde waarvolgens slegs die 150 psalms en enige gesange genoem in artikel 69 KO in die openbare erediens gesing is (Du Toit, 1945:118).

Waar die liberaliste die godsdiens met hulle verstand wou oorheers, het hierdie Metodiste weer eensydig die gevoel beklemtoon. Hulle kom dus in reaksie teen die verstandsgodsdiens. Dit blyk ook uit hulle aangetrokkenheid tot Halleluja-liedere en die sogenaamde Kinderharp (Spoelstra, 1960:83). Hulle het dus ook niks verkeerds gesien in die sing van gesange in die erediens nie. Hulle het geweet dat ook in Skotland daar beswaar was teen die sing van gesange (Lion Cachet, 1909:11). Nogtans het die besware wat hulle hier te lande teen die Evangeliese Gesange gevind het, hulle koud gelaat.

## 6. Die Afrikaners in die grensdistrikte

Die Afrikaners aan die oosgrens het nog vasgehou aan die tradisies uit die tyd toe die Kaap nog Hollands was. Dit het selfs uit hulle kleredrag geblyk. Hulle het openbare vermaaklikhede vermy en eenvoudig gelewe, al was hulle oor die algemeen vermoënde mense. Hulle is met die skeldnaam “Dopper” geëtiketteer. Moontlik was dopper ’n vervorming van *dorper*, wat verwys het na mense wat op plase en in dorpies ver van stede gewoon het. In Kaapstad was die mense lank voor die Afskeiding gewoond om die bewoners van die buite-distrikte so te noem (Lion Cachet, 1909:10).

Voor 1859 is omtrent al die pioniers in die wyke Renosterberg, Suurberg, Brakrivier, Nuwe Hantam en die Seekoeirivier as “Doppers” beskou (Spoelstra, 1961:7). Hulle was nie ’n eienaardige groep mense wat tussen die boere gewoon het nie, maar was die oorspronklike pioniers van die noord-oostelike distrikte (Spoelstra, 1961:9). Hierdie mense wou nie gesange sing nie, omdat hulle geweet het dat die gereformeerde kerke nie gesange toegelaat het nie. In die gesange self was daar veel waarmee hulle hul nie kon vereenselwig nie. As die predikant ’n gesang opgee, het hulle die boek toegemaak (Lion Cachet, 1909:10). Ene Olivier wat voorsinger in Cradock was, is afgedank omdat hy, wanneer daar ’n gesang opgegee is, slegs die wysie en nie die woorde gesing het nie (Spoelstra, 1963:64).

Daar kom nou verdeeldheid in die gemeentes in die noord-oostelike distrikte. Sommige mense het die leiding van die predikante gevolg – miskien omdat hulle

nie veel gelees het nie. ’n Aantal families, hoofsaaklik Van der Walts, Venters, Krugers en Coetzees hou vas aan die gereformeerde leer. By baie van die “Doppers” was daar ’n leeskultuur, maar hulle het slegs die “outeurs” soos á Brakel en andere in die sogenaamde swart druk gelees (Lion Cachet, 1909:9). Dit verklaar hulle eensydige siening van die waarheid. As katkisasieboek het hulle Hellenbroek geleer. Baie het dit van buite geken. Wie met hulle wou redeneer, het met gedugte teenstanders te doen gekry (Lion Cachet, 1909:9). Professor John Murray van die Kweekskool op Stellenbosch het in 1877 getuig van die hoogstaande sedelike lewe onder hierdie pioniers (Spoelstra, 1961:9).

## 7. Die gesangestryd in die Kaapkolonie

Enkele lidmate in Colesberg maak die saak dat geweier word om gesange te sing by die Ring van Graaff Reinet aanhangig (Spoelstra, 1963:65). Om ’n einde aan die verdeeldheid te maak, besluit die Ring om ’n herderlike brief aan die gemeentes te rig. Sonder om hulle eers te verhoor of >n ondersoek ter plaatse in te stel, het die Ring die beswaarde lidmate as die enigste oorsaak van die moeilikheid aangewys en hulle in baie sterk taal tereggewys. Die beswaardes het gepleit om met rus gelaat te word. Hulle het die ander lidmate dit gegun om hulle gang te gaan en die gesange te sing. In hulle eie gemoed was hulle egter nog nie oortuig dat dit in ooreenstemming met Gods Woord was nie. Die Ring het hulle opregtheid egter in twyfel getrek en dit selfs betwyfel of hulle al ooit oor die saak gebid het. Omdat die gesange deur die gemeentes gesing is, is in die herderlike brief gevra: “En zult gij de harten van leden van Christus lichaam door uw vooroordeel en stijfhoofdigheid langer kunnen doorboren en verscheuren door te wijgeren te zamen te zingen tot zijnen lof en tot aller stichting?” Hulle moet hulle ook verootmoedig voor die naderende dag van die Here en bely dat die gesange “naar Gods Woord is”. Dit het groot aanstoot gegee en was een van die oorsake van die afskeiding twintig jaar later (Spoelstra, 1963:67).

Hierdie herderlike brief het die vonk van verdeeldheid aangeblaas. Daar is nie met omsigtigheid te werk gegaan nie. In sommige gemeentes is ’n paar ouderlinge, gewapen met die brief, van plaas tot plaas rondgestuur. Geen wonder dat toe hulle hul rondreis voltooi het, die afskeiding ’n voldonge feit was nie. Die herderlike brief het groot invloed op die gang van sake gehad. Alhoewel die sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk enkele van die skerp uitdrukkings afgekeur het, het hy tog verklaar dat die inhoud Christelik en goed is (Lion Cachet, 1909:11).

Die ses predikante wat dit onderteken het, was almal Skotte wat geweet het dat in hul eie land daar ook gegriefdheid oor die invoer van gesange was. Hulle moes dus van beter geweet het en met meer takt opgetree het. Dit was ’n geval van “ons predikante sê so” (Lion Cachet, 1909:11). Die predikante-opinie het meer gesag gedra as die Skrif en belydenis. ’n Mens kan verstaan dat die Skotse

Metodiste met hul klem op die gevoel nie met die Ou-Testamentiese liedere alleen as kerksang tevrede sou wees nie. Hulle het meer nadruk op die lewe as op die leer laat val. Vir hulle was die fout van die ou gereformeerdes blykbaar dat hulle die nadruk te veel op die belydenis lê en het daarom vir die Skotte styfhoofdig en onoortuigbaar voorgekom. Hulle was ook verkleefd aan die psalms as kerkliedere waarin min van die lyde van die Messias besing word en niks oor sy kruisdood, opstanding en hemelvaart voorkom nie. As die predikante dit beklemtoon het, sou hulle ’n geldige argument gehad het om die “Doppers” te oortuig om gesange te sing. As gevolg van hulle gevoelsgodsdiens voer hulle teen 1860 die Sankey- en Hallelujaliedere ook in (Spoelstra, 1961:15).

Tog het die psalms met woord en lied tot die ou “Doppers” gespreek omdat dit liedere was wat gespreek het van die gelowige se diepste leed en blydskap. Daar is klaagliedere en lofsange, soms net van die enkeling en dan weer van die hele volk. Baie psalms is ook gebede. Die sing daarvan bevredig die vroom gemoed van die gelowiges. Maar dis nie genoeg nie. Dit bly in wese Ou-Testamentiese liedere. Tog kom hierdie argument, sover bekend, nêrens in die stryd oor die gesange na vore nie. As die beswaardes met rus gelaat is, sou die houding en opvatting van die “Doppers” stadig uitgesterwe het.

In Colesberg het ds. Reid by die aflegging van belydenis, aansoeke om doop of huwelik skriftelike instemming afgedwing dat die gesange volgens Gods Woord is (Spoelstra, 1961:19). Die gesange is dus verhef tot ’n belydenisskrif waaraan gekonformeer moet word (Spoelstra, 1961:17).

Daar was Nederduits Gereformeerde predikante wat hulle vereenselwig het met die “Doppers” se besware teen die gesange. Ds. Huet, self ’n digter, het gesê dat die gesange ingevoer is toe die egte gereformeerde leer nie meer van die kansels af gehoor is en die hoofwaarhede van die evangelie – indien nie heeltemal ontken is nie – merendeels verswyg is. Daarom het die gesange wantroue gewek by “regsinnige” mense wat hul godsdiens ernstig opgeneem het. Toe hierdie nuwighede op hulle afgedwing word, word hulle teenstand ’n lyde, ’n martelaarskap “om der waarheid wille” (Spoelstra, 1963:50).

## 8. Argumente van die “Doppers” teen die Gesange

Die beswaarde lidmate was nie mense met veel skoolopleiding nie. Oor die algemeen was hulle mense van die “three r=s: reading, =riting and =rithmatic”. Daar was nie ’n De Cock of Kuyper wat as voorvegter vir hulle kon optree nie. Hulle gereformeerde “voelhorings” het vir hulle gesê dat die kerkordinasie wat De Mist in 1804 ingestel het, hemelsbreed verskil van die kerkorde van Dordrecht en dat die eerste sinode in 1824 ’n noodlottige stap gedoen het deur dit as die grondwet van die kerk te aanvaar (Spoelstra, 1960:79). Die prediking was ook oppervlakkig en hulle het dit veral gehad teen die stories wat in die preke vertel is, die opwekkingsdienste wat gehou is, die bidure wat vir hulle

vreemd voorgekom het en die afwykende beskouinge oor bekering en die uitverkiesing (Spoelstra, 1960:83). Dit is verstaanbaar dat daar dwalinge by hulle kon insluip, maar hulle het die ou Statebybel en Wilhelmus à Brakel gehad wat hul vir kettery bewaar het en wat die ou gereformeerde waarheid lewend gehou het (Lion Cachet, 1909:11). Ten spyte van alles was die fokus van die stryd op die gesange in die erediens. Die verkleefdheid aan die psalms het tot die breekpunt gelei.

Wat presies die besware van die "Doppers" teen die gesange was, is moeilik om na te gaan. Wat hulle argumente was, is 'n uiters moeilike saak. Die mense het daaroor gepraat, maar bloedweinig daaroor geskrywe (Van der Vyver, 1958:203). Toe die gesange egter gekom het om te bly, het die "Doppers" nie tot die aanval oorgegaan nie, maar eenvoudig lydelike verset gepleeg (Spoelstra, 1961:15).

Die gesangestryd in Colesberg lewer bewys van wat in die mense se harte omgegaan het. So is Stefanus J. Kruger op 'n kerkraadsvergadering tot verantwoording geroep omdat hy sy dogter verlof gegee het om nie gesange in die skool te sing nie. Hy beroep hom daarop dat menslike leerstelinge nie op een vlak met die goddelike gestel mag word nie (Spoelstra, 1961:19). Hy het ook die Gesangeboek 'n "afgodiese" boek genoem. Hy is hieroor by die kerkraad aangekla en het homself verweer met argumente uit die kanttekeninge van die Statebybel. Hy beroep hom op Matteus. 15:9: "Tevergeefs vereer hulle my deur leringe te leer wat gebooie van mense is". Die kanttekeninge verwys hier na Deuteronomeum. 4:2: "Julle mag by die Woord wat ek julle leer, niks byvoeg nie ...". Sy argument was dus dat die psalms uit die Bybel kom en dat die gesange "leringe van mense" is (Jooste, 1958:36). Kruger en sy medestanders wou in Gods huis Gods lied hê. In hulle huise het hulle die liedere van Sluiters en Lodensteyn gesing, maar in die erediens wou hulle nie "vrye" gesange sing nie (Lion Cachet, 1909:11).

'n Tweede Skriftuurplaas waarop Kruger hom beroep het, was 1 Samuel 15:23: "Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens …" Hy het geredeneer dat die gesange nie in die Skrif voorkom nie en dit "eiesinnigheid" van die kerk was om dit in te voer, veral omdat in die voorrede van die Gesangbundel gestaan het dat hulle deur mense gemaak en ingestel is, terwyl die psalms van goddelike herkoms is (Jooste, 1958:36).

'n Mens kan aanvaar dat die besware van Kruger die heersende besware van die "Doppers" was. Hy moes 'n leidende figuur gewees het, want ds. D. Postma (senior) tree later met sy dogter in die huwelik (Jooste, 1958:133). Dit mag vandag vir ons nie oortuigend klink nie, maar dit toon dat hulle mense was wat op hoogte met die Bybel was en dat hulle die kanttekeninge noukeurig gelees het.

## 9. Die Gesangestryd in Transvaal

Toe die Kaap in 1806 'n Engelse kolonie geword het, is alle kontak met Nederland nie verbreek nie. Tereg merk Van der Vyver (1958:150) op: "Die Afrikaners in die Kaap het nog steeds met liefde en agting bly dink aan die moederland, waaraan hulle gebind was deur sterk godsdienstige en kulturele bande". Hierdie gevoel van toegeneentheid en aanhanklikheid het die Voortrekkers met hulle saamgeneem die binneland in. Onder die redes wat aangegee is vir die trek was ook dat die mense moeg was vir die inmengery van die Kaapse regering in kerklike sake. Hulle wou met die Engelse regering niks te doen hê nie en met die Nederduits Gereformeerde Kerk so min moontlik. Die kerk was gekant teen die trek en die trekkers is as rebelle beskou (Lion Cachet, 1909:17).

Die "Doppers" kon geen bevrediging vind vir hulle godsdienstige behoeftes in die bestaande kerkverbande nie en het, in ooreenstemming met die algemene gebruik van hul tyd, Nederland in gedagte gehou om uit daardie oord predikante te kry wat in hul behoeftes sou voorsien (Van der Vyver, 1958:153). So rig J.J. Venter van Bethulie hom tot ds. C.C. Callenbach, 'n regsinnige predikant van die Hervomde Kerk in Nederland. Hieruit blyk dat daar nog voor die afvaardiging van ds. Postma in 1857, reeds kontak was met iemand in Nederland, met die oog op die beroep van 'n regsinnige predikant (Van der Vyver, 1958:155). Die groot bedieningsnood in Transvaal en die OVS word ook bekend in die kringe van die Christelike Afgeskeie Kerk in Nederland (Van der Vyver, 1958:155). Dit lei tot die afvaardiging van ds. Postma met 'n lasbrief waarin die verlange uitgespreek word dat hy in die Transvaalse Republiek die godsdienstige toestande "van ons geloofsgenoten aldaar" ondersoek en broederlike betrekkinge met hulle moet aanknoop (Scholtz, 1955:149). Hulle kry dus nou kontak met 'n kerk uit dieselfde gereformeerde tradisie in Nederland as hulle in Suid-Afrika, met ander woorde 'n kerk wat nog die Dordtse Kerkorde in ere hou en dus ook nie die Evangeliese gesange in die erediens sing nie. Postma vertrek op 10 Julie 1857 na Kaapstad, gaan tuis by dr. S.J. Hofmeyr, broer van prof. N. Hofmeyr. Die ontvangs deur die predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kaapstad was van die hartlikste (Van der Vyver, 1958: 178). Hy besoek verskillende sendingterreine van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en tree ook dikwels voor hulle op, sowel as voor blanke gemeentes (Van der Vyver, 1958:179). Hy laat ook gesange sing wat toon dat hy soos Brummelkamp, Van Raalte en andere nie prinsipiële besware teen die sing van regsinnige gesange in die erediens gehad het nie. Hieroor sê Postma self: "Ik heb in eenvoudigheid mijns harten gemeend dat ik op mijn doorreis beter deed, er ook uit te laten zingen, om geen ontydige beroering daarover te verwekken" (Du Plessis, 1925:22, soos aangehaal uit Postma se "Reisjoernaal").

Ds. Postma het onmiddellik na sy aankoms in Transvaal, die land van sy mandaat, van die gesangestryd te hore gekom, maar van die stryd in die

Kaapkolonie het hy, aan die begin van sy optrede, so goed as niks geweet nie. Hy het te doen gekry met 'n Transvaalse situasie waarop hy reageer het (Van der Vyver, 1958 :213). Ds. Postma het nog nie met Skotse predikante te doen gekry nie, maar net met 'n Nederlander uit die liberale tradisie aldaar – waarvan baie predikante nie in die Drie-Eenheid geglo het nie, ook nie in die godheid van Christus, wonderwerke en dies meer nie (Spoelstra, 1960:82-83). Postma ontmoet so vir ds. D. van der Hoff wat gewoond was aan die bevoorregte Staatskerk in sy vaderland, waar die staat dikwels met 'n ferm hand in kerksake ingegryp het (Van der Vyver, 1958:221). Dit was ook in die Transvaal die geval. Op 'n brief waarin enkele persone die kerkraad van die Hervormde kerk te Rustenburg se medewerking vra om 'n predikant te bekom wat net psalms sal laat sing, is die antwoord dat so 'n leraar hom aan die grondwet van die land moet onderwerp en voor die Algemene Vergadering moet verskyn (Van der Vyver, 1958:184). Dit het behels dat daar net een erkende kerk in die land is, naamlik die Nederduitsch Hervormde Kerk wat ook staatskerk is (Spoelstra, 1960:102).

Enkele dae na sy aankoms in Rustenburg, teken ds. Postma in sy "Reisjoernaal" aan: "Ik ontwaar een stryd! Er zijn die de Evangelische Gezangen niet zinge ... anderen zouden daarbij niet gaarne van het zingen der Gezangen afsien" (Van der Vyver, 1958:188). Nadat hy reeds 'n tydjie in Rustenburg was, naamlik op 4 Desember 1858, teken hy aan: "Dezen dag bemerk ik ook klaar, dat het hier reeds voor mijne komst op het punt van scheuring stond" (Van der Vyver, 1958:218). Dit is egter duidelik dat dit Postma se bedoeling was om tot >n skikking te kom oor die gesange en so tevredenheid te bring in die gemeente van Rustenburg. In die Algemene Vergadering van 10 Januarie 1859 gee hy weer sy "skikkingsadvies" (Du Plessis, 1925:27). Op 'n latere kerkvergadering op Potchefstroom, waar ook twee predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk teenwoordig was, naamlik dr. Hofmeyr en ds. Louw, antwoord ds. Postma op 'n vraag van eersgenoemde dat hy onder middelmatige sake alles reken wat nie tot die hoofsaak behoort nie en dat die sing van gesange 'n middelmatige saak is. Natuurlik het hy gesange wat regsinnig is, bedoel (Du Plessis, 1925:29).

Op 11 Januarie 1859 besluit die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal "dat die kerklike inrigting soos dit tans hier bestaan met die Evangeliese gesange, sal bly bestaan". Op grond van hierdie besluit het Postma nie sy weg oopgesien om sy hulp vir die Transvaalse Kerk aan te bied nie (Van der Vyver, 1958:231). Ds. Van der Hoff en sy volgelinge sou liewer sien dat die kerk oor die kwessie van die Evangeliese Gesange skeur as om die verstandige voorstel van Postma te aanvaar, naamlik dat diegene wat nie gesange sing nie binne die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n plek gegun sal word. As dit sou gebeur het, sou die psalmsingers met verloop van tyd van die kerklike toneel verdwyn het en in die Nederduitsch Hervormde Kerk opgeneem gewees het.

Op 11 Februarie 1859 vind dan die stigting van die Gereformeerde Kerk in Rustenburg plaas en wel ooreenkomstig die leer, diens en tug soos in die jare 1618-1619 tot openbaring gekom het in die Nasionale Sinode van Dordrecht. Die Gereformeerdes van Rustenburg, waaronder P.H. Snyman, Paul Kruger, en P.A. Venter en vele ander was in voeling met familie en geesgenote in die Transvaal, Vrystaat en Noordoostelike Kaapkolonie (Spoelstra, 1960:102). Dit spreek vanself dat die nuus van 'n Gereformeerde gemeente met 'n predikant uit Nederland, wat soos hulle dink en voel, spoedig versprei het. Die gevolg is dat ds. Postma in Mei 1859 in die Vrystaat in die buurt van Bloemfontein 'n Gereformeerde kerk stig. Hy word ook uitgenooi deur lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Burgersdorp om daarheen te kom en kerk te hou. Hy aanvaar die uitnodiging en is van die Vrystaat af saam na die Kaapkolonie (Jooste, 1960:11). So kom die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tot stand. Die rede vir die afstigting was te wyte aan verskil oor beginsels, maar hoofsaaklik oor die kwessie van gesange in die erediens – nie vir ds. Postma nie, maar wel vir die ADoppers".

## 10. Die lied in die erediens onder die ou bedeling

Die meeste van die psalms in die Bybelboek met dié naam was vir liturgiese gebruik bedoel en talle aanduidinge in die opskrifte van die psalms dui daarop dat hulle in die erediens gebruik moes word en spesiaal daarvoor geskryf is. Die Ou-Testamentiese erediens was totaal verskillend van dié van vandag. Die erediens was 'n gemeenskapsaangeleentheid. Gereelde eredienste is daagliks by die tempel gehou, ook op die Sabbat, met nuwe maan en seisoenfeeste. By dié geleenthede is offers gebring en ook psalms gesing (Burden, 1986:65).

Volgens alle aanduidings het sang in die tempeldiens 'n belangrike plek ingeneem. Israel het die Here groot gemaak deur sang en veral sy verlossingsdade geprys. Hiervan getuig die lied van Moses (Deut. 32), die oorwinningslied van Dawid (2 Sam. 22), wat ook in Psalm 18 voorkom, en die lied van Debora (Rigters 5). Hierdie liedere was van die oudstes wat die Israeliete gesing het en loop deur tot hulle ryke uitbouing in die psalms (Barnard, 1981:80).

Alle manlike volwasse Israeliete was verplig om tydens die belangrikste feeste, naamlik die fees van die ongesuurde brode (Paasfees), die oesfees (Pinkster) en die loofhuttefees, na die tempel in Jerusalem te gaan vir aanbidding, asook in tye van gevare en droogte. By al hierdie geleenthede is waarskynlik van liedere uit die Psalmbundel gebruik gemaak. Daar was net een plek van samekoms, naamlik die tempel. Dit blyk onder andere uit die Pelgrimsliedere (Psalms 120-134). Dit was >n klein liedereboekie wat later by die versameling van die psalms in sy geheel daarin opgeneem is. Dit was die liedboekie van die vrome pelgrims wat vir die groot feeste uit alle dele van Palestina en uit die verstrooiing

opgegaan het na die tempel. Hierdie 15 psalms is deur die feesgangers gesing (Aalders, 1920:7-8).

Toe die voorhangsel op die tydstip van Christus se afsterwe in twee geskeur het (Matt. 27:51), het ’n einde aan die tempeldiens gekom. In 70 n.C. is die tempel deur die Romeine verwoes en is dit nooit weer herbou nie (Grosheide, 1955:478). Sedert die Babiloniese ballingskap in 597 v.C. het die Jode in verstrooiing begin om sinagoges op te rig. Die sinagoge word die belangrikste instelling in die lewe van elke Jood. In die tyd van Jesus se omwandeling was daar selfs in die kleinste Joodse kolonie iewers in die uitgestrekte Romeinse ryk, >n sinagoge gewees. Daar is gereeld dienste in die sinagoges gehou. ’n Diens het uit drie dele bestaan. Eers is daar gebid. Dan is daar gelees uit die Wet en die Profete en dan was daar die preek, wat deur enige lid van die gemeente gelewer kon word. Die amp van leraar het nog nie bestaan nie (Barclay, 1975:80-81). Van so ’n diens in ’n sinagoge kry ons enigsins ’n voorstelling in Lukas 4:16 e.v. en Handelinge13:14 e.v. Die gebruik om die psalms te sing het van die tempel oorgegaan na die sinagoges. Waar koorsang in die tempel ’n groot rol gespeel het, is dit nou die gemeente, die gewone volk wat sing. Heelwaarskynlik was die psalms op ’n onberymde wyse gesing – ’n soort spreeksang (*chant*). Die Christelike kerk het die gebruik om in die erediens te sing, van die sinagoges oorgeneem (Barnard, 1981:99).

## 11. Die lied in die erediens van die vroeë Christelike kerk

Die agtergrond van die Christelike erediens moet gesoek word in die Joodse godsdiens in die tempel en in die sinagoge. Die Christelike erediens het sy wortels in die liturgiese erfgoed van Israel (Barnard, 1981:66), al is dit net in breë trekke, in algemene en indirekte sin. Van groot betekenis is dat die Ou Testament in die Christelike erediens as Woord van God gelees en verkondig is; dat by name die psalms ’n groot invloed uitgeoefen het en nog steeds uitoefen in die Christelike erediens. Dit moet steeds in gedagte gehou word dat die Christelike erediens in die teken van vervulling staan, van die nuwe bedeling wat met Christus aangebreek het (Barnard, 1981:67).

Van die begin af het Christene gereeld samekomste gehou (Heb. 10:25). Aanvanklik het hulle nog die tempel besoek (Hand. 2:46) en ook die sinagogedienste bygewoon. In toenemende mate het hulle egter die eredienste in die huise van verskillende gemeentelede op verskillende plekke bygewoon. So was daar huiskerke te Korinte (Rom. 16:23), Efese (1 Kor. 16:19) en dies meer (Barnard 1981:143). Omdat die eerste Christene hoofsaaklik Jode en Jodegenote was, was dit aan hulle bekend dat in die sinagogedienste gesing is. Dit kan met sekerheid aanvaar word dat hulle die psalms, wat aan hulle bekend was, nog steeds bly sing het. ’n Mens kan sê die Christelike kerk het die Psalmboek oorgeneem (Barnard, 1981:82). Dat sang ’n baie belangrike plek in die Christelike erediens ingeneem het, blyk veral uit Efesiërs 5:19 en Kolossense

3:16. In hierdie twee tekste is sprake van psalms, lofgesange en geestelike liedere. Die Grieks in die grondteks spreek van *psalmoi*, *humnoi* en *↑ dai*. Psalms is in Hebreeus *t↑ hill↑ m* wat afgelei is van die werkwoord *h↑ lal* wat "juig, jubel, roem, prys" beteken (vgl. Halleluja). Die Septuagint het dit weergegee met *psalmoi*. In Grieks beteken die werkwoord *psall↑* "om die snare te bespeel" en daarby "sing, lofsing" (Grosheide, 1955:398). Die woord *psalmoi* ontvang dus in die Bybel 'n nuwe, godsdienstige betekenis, wat dit oorspronklik nie gehad het nie.

'n Tweede soort lied wat gesing is, was *humnoi* waarvan die Afrikaanse woord "himne" afgelei is. Die enkelvoud *humnos* was "a song, commonly in honour of gods" (Liddell & Scott, 1935). Himne word omskryf as 'n "lofsang aan God, godsdienstige gesang" (Labuschagne & Eksteen, 1992). In genoemde tekste spreek Paulus ook van *↑ dai*. Die enkelvoud is *↑ d↑* en is 'n saamtrekking van *a↑ ide* wat beteken "song, a singing". In die meervoud is dit oorspronklik gebruik vir "liriese poësie, hooggespanne liriese gedig" (Labuschagne & Eksteen, 1992), dus iets soos die Engels *spiritual* wat dui op 'n godsdienstige (geestelike) lied. Die eerste Christene het dus nie net psalms gesing nie. Hulle het ook vrye liedere gesing:

> They met regularly, apparently on Sundays (Acts 20:7; 1 Cor 16:2 ). They chanted psalms and sang hymns intended both to glorify God and to edify the congregation (Eph. 5:18-20; Col. 3:16-17) and the New Testament seems to preserve quotations or paraphrases from some of the hymns (1 Cor. 13; Phil. 2:6-11; Col 1:15-20; Rev. 4:11; 11:17-18) (Stambaugh & Balch, 1994:58).

## 12. Konklusie

Die afstigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika hou grootliks verband met die sing van gesange in die erediens. Aan die een kant was die Nederduits Gereformeerde Kerk in Kaapland en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal onversetlik oor die kwessie van die gesange en aan die ander kant die "Doppers" oor die psalms. S.J. Kruger verwoord die besware van die anti-gesangmense met die argument dat die Gesangbundel deur mense gemaak is, terwyl die Psalmbundel van goddelike herkoms is. Die beryming van die psalms is egter ook mensewerk. Die bundel wat destyds in gebruik was, is deur nie-teoloë soos 'n silwersmid en 'n geneesheer en selfs Remonstrante en Weder-dopers berym. Nederduits Gereformeerde predikante het erken dat sommige van die gesange strydig was met die aanvaarde leer van die Kerk.

Toe die Nederduitse Gereformeerde en die Nederduitsch Hervormde Kerke die Evangeliese Gesange in Afrikaans bewerk het, verklaar hulle in die voorwoord van die Gesangboek dat sommige gesange in die lig van die leerstellige besware

weggelaat of hersien is. Op sigself is die sing van regsinnige gesange egter >n middelmatige saak (Spoelstra, 1989:373).

Vir Calvyn moes gemeentesang 'n Bybelse patroon aanneem en hy wou terugkeer na die eenvoud van die erediens van die eerste Christelike kerk. Heilsfeite wat so 'n sentrale plek ingeneem het in die verkondiging van die evangelie, soos die dood en opstanding van Christus, asook sy hemelvaart – moet egter weerklank vind in die lied in die erediens. Dit blyk onder andere uit Filipense 2:6-11. Calvyn het dit nie raakgesien nie.

Die "Doppers" het vasgehou aan wat die Dordtse Kerkorde van 1618-1619 soos in artikel 69 bepaal. Tog het die GKSA later ingesien dat hierdie artikel in die Kerkorde uitgebrei moes word. Aan Totius is opdrag gegee om die liedereskat uit te brei, maar getrou aan die beginsel: in Gods huis Gods lied. By die sinode van 1942 is 48 Skrifberymings voorgelê en is dit aan die kerkrade vrygestel om te gebruik indien hulle so verkies. Die GKSA het in 1988 Gesang 294 (Onse Vader) goedgekeur as alternatiewe Skrifberyming 28 vir gebruik in die erediens (Spoelstra, 1989:374). In sommige gemeentes word naas Gesang 294 ook Gesange 77, 177, 257 en 241 gesing. Dit is in werklikheid berymde Skrifgedeeltes.

Daar word ook kritiese vrae gestel oor enkele Skrifberymings wat in gebruik is: Kan die kruiswoorde of leringe van Christus in gelykenisse of die briewe in Openbaring 2 en 3 byvoorbeeld deel van die antwoorddiens wees? Bedoel en gee die Skrif dit met die oog op liturgie? (Spoelstra, 1989:374). Daar is ook iets soos die kerklied van alle eeue en dit is nie net die psalms nie. Hieroor sal in die toekoms toenemend besin moet word. Die gesange in gebruik by die Nederduitsch Hervormde en die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan ook in konsiderasie geneem word.

## Bibliografie

AALDERS, G.CH. 1920. Het liedboeksken van Israel's pelgrims. Kampen : Kok.

BARCLAY, WILLIAM. 1975. The Gospel of Matthew. Vol. 1. The Daily Study Bible. Philadelpia : The Westminster Press.

BARCLAY, WILLIAM. 1990. The Letters to the Galatians and Ephesians. The Daily Study Bible. Edinburgh : The Saint Andrew Press.

BARNARD, A.C. 1981. Die erediens. Pretoria : N.G. Kerk Boekhandel.

BOSMAN, D.B., VAN DER MERWE, I.W. & HIEMSTRA, L.W. 1989. Tweetalige Woordeboek / Bilingual Dictionary. Kaapstad : Tafelberg.

BOUWMAN, H. 1934. Gereformeerd Kerkrecht. Deel 11. Kampen : Kok.

BURDEN, J.J. 1986. Poetic texts. (*In* Deist, F. & Vorster, W., *eds*. Words from afar. Cape Town : Tafelberg. p. 68.)

DU PLESSIS, J.A. 1925. Die Gereformeerde Kerk en kerkregering gehandhaaf teen prof. J. du Plessis van Stellenbosch. Bloemfontein : Nasionale Pers Beperk.

DU TOIT, S. 1945. Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

GROSHEIDE, F.W., *red*. 1955. Bybelse Ensiklopedie (Afrikaanse vertaling). Kaapstad : Verenigde Protestantse Uitgewers.

JANSEN, JOH. 1952. Korte verklaring van de Kerkorde. Kampen : Kok.

JOOSTE, J.P. 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. s.l. : s.n..

JOOSTE, J.P. 1960. Die Gereformeerde kerk Burgersdorp 1860-1960. Gedenkalbum uitgegee deur die kerkraad Burgersdorp. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

LABUSCHAGNE, F.W. & EKSTEEN, L.C. 1992. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria : Van Schaik.

LIDDELL, & SCOTT. 1935. Abridged Greek-English Lexicon. London : Clarendon Press.

LION CACHET, J. 1909. Gedenkboek van het 50 jarig bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika. AD 1859-1909. Potchefstroom : Koomans.

SCHOLTZ, G.D. 1955. Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.

SOUTER, Alexander. 1940. A pocket lexicon to the Greek New Testament. Oxford : Clarendon Press.

SPOELSTRA, B. 1960. Beknopte kerkgeskiedenis vir katkisasie. Potchefstroom : Pro Rege Pers.

SPOELSTRA, B. 1961. Eeufees Gedenkboek, Gereformeerde Kerk Colesberg K.P. Des. 1860-1960. Potchefstroom : Kerkraad Gereformeerde Kerk Colesberg.

SPOELSTRA, B. 1963. Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en kerkregering. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool.

STAMBAUGH, J. & BALCH, D. 1994. The social world of the first Christians. Bristol, Eng. : The Longdunn Press.

VAN DER VYVER, G.C.P. 1958. Prof. Dirk Postma 1818-1890. Potchefstroom : Pro Rege Bpk.